“ Die inhoud van die produkte het ’n ‘lang geskiedenis van veilige gebruik by mense’ ”

Wat sê Mannatech?

IN ’n Mannatech-inligtingstuk word die volgende oor die Ambrotose-produkte beweer: Ambrotose is ’n glukonutrient-aanvuller, ’n mengsel van plantsuikers (saggariedes), en is in poeier- en kapsulevorm beskikbaar. Advanced Ambrotose is verryk met wakame, ’n bruin alg.

Die inhoud van die produkte het ’n “lang geskiedenis van veilige gebruik by mense”. Die maatskappy se produk-veiligheidsmoniteringsprogram is tien jaar gelede begin en rapporteer steeds dat dit veilig is om Ambrotose te gebruik. Advanced Ambrotose word al sedert Maart 2005 veilig gebruik.

Verskeie eenvoudige suikers kan vir glukosamevoeging-sintese (glukoproteïen-en-glukolipied-sintese) gebruik word. Glukosamevoeging is deel van die taal wat selle gebruik om met mekaar te kommunikeer. Dus het hulle ’n impak op sellulêre, weefsel- en orgaanfunksie.

Ambrotose verskaf, volgens Mannatech, bronne van suiker wat die liggaam vir glukosamevoeging-sintese gebruik. In al hoe meer wetenskaplike lektuur – veral dié wat van toepassing is op die komplekse en kritiese funksie van koolhidrate in die ingewande – word gesuggereer dat daar waarskynlik baie fisiologiese effekte is wat die voordele kan help verduidelik wat baie mense ervaar wat die produkte gebruik, beweer hulle.

Kan ons nie die suikers as deel van ons dieet inkry nie? Miskien kan ons, as ons ’n ryk dieet volg van varsgeplukte, voedingryke plantkosse, wat vrugte, groente, sade, wortels en harse insluit. Weens swak voedselkeuses, en verliese gedurende die oes, stoor, verskeping en prosessering glo Mannatech dat glukonutriënt-aanvulling voordelig vir basies almal is.

Die produkte is volgens talle webtuistes van veral assosiate voordelig vir basies enigiets: Dit kan MIV/vigs behandel, cholesterol verlaag, kolitis, artritis, inflammasie, beroerte, kanker, chroniese moegheid, stres en die immuniteitstelsel behandel, ’n mens verdedig teen mikrobes, sistiese fibrose, spierdistrofie, depressie, diabetes, asma en vele meer. Mannatech sê dit is nie hy wat die aansprake maak nie, maar die assosiate, berig die *Dallas Morning News*. Volgens Mannatech hy doen niks verkeerds nie.

■■■

Die reaksie

Die Burger het vrae aan Mannatech gestuur oor die feit dat sy produkte nie klinies getoets is nie, asook die feit daar nie portuur-geevalueerde studies gevind kon word nie. Hy het nie een so ’n studie waarin bewys word dat Ambrotose werk, aan die koerant verskaf nie. Hy meen die koerant lig iets uit wat glad nie ’n kwessie is nie.

Caster het onder meer geantwoord dat dr. John Axford, ’n vorige president van die Royal Society of Medicine, tans ’n studie in die St. George-hospitaal in Londen doen. In die toetse word gekyk of die produk enige uitwerking op rumatiekagtige artritis het, en dit was volgens hulle dubbel-blind.

“Sommige mense in die akademiese wêreld dring daarop aan dat om aanvaarbaar te wees, alle kliniese toetse dubbel-blind-plasebobeheerd moet wees. Hierdie toetse, wat ontwerp is om die veiligheid en doeltreffendheid van giftige medisyne te toets, kan jare duur en is baie duur.” Hy sê nie een van die tien lande waarin die produkte versprei word, vereis sulke toetse nie.

Tientalle studies is al oor die wêreld heen oor die doeltreffendheid van glukonutriënte gedoen, wat die voordele boekstaaf van mense wat die produkte gebruik. Baie van die studies is deur gerekende dokters gedoen en deur hul portuurs hersien op www.glycoscience.org. Hoewel die webtuiste deur Mannatech geborg word, is die studies ’n kontinuum van portuur-geëvalueerde wetenskaplike artikels oor die rol wat suikers in die menslike fisiologie speel. Mannatech is die wêreldleier op die gebied en wil die publiek hieroor inlig.

Duisende onafhanklike verwysings word in die artikels gelys. Ons glo die inhoud van die webtuiste voldoen aan die portuur-kriteria kragtens Amerikaanse wetgewing.

Die Burger het gevra om ’n bewys dat ’n internasionale vaktydskrif ’n portuurstudie oor die doeltreffendheid van Ambrotose gepubliseer het. “Een rede hiervoor (dat dit nie die geval is nie) is dat die joernale hoofsaaklik daaraan toegewy is om die jongste farmaseutiese nuus te bevorder. Die ander rede is dat die mediese professie eers nou die waarde van voedingsaanvullers besef.”

Hulle beweer artikels oor glukonutriënte het verskyn in die vaktydskrifte *Integrative Physiological and Behavioral Science*, *Journal of the International Society of Sports Nutrition* en *Journal of AOAC International*. Geen bewys is hiervoor gelewer nie.

Caster sê hulle het bewerings dat van Ambrotose se inhoud nie deur die liggaam opgeneem kan word nie, al voorheen gehoor. Volgens hom is daar geen studies wat dit bewys nie. Volgens hom sal studies van die spysverteringstelsel in die toekoms wys dié stelsel is tot baie meer in staat as wat ons besef.

Volgens Caster het ’n biotegnologie-firma in Texas reeds bewys dat bakterieë wat van die spysverteringstelsel geneem is, polisaggariedes kan afbreek wat in Ambrotose gevind is. *Die Journal of Alternative and Complementary Medicine* sal nog die bewyse publiseer, is gesê.

“Ons glo die in vitro-studie wys die spysverteringstelsel self is in staat om polisaggariedes te verteer in eenvoudiger molekules vir absorpsie en gebruik. ’n Plakkaat hieroor het die eerste prys gewen by die gerespekteerde Scripps Center for Integrative Medicine in La Jolla, Kalifornië.”

Honderdduisende mense oor die wêreld heen sê hulle het ’n betergehalte-lewe danksy Mannatech se produkte. Die prima facie-bewyse is ’n aanduiding dat Ambrotose deur die liggaam gebruik word.

Caster het ook ontken dat Ambrotose se glukosamien-hidrochloried die isomeer galaktosamien bevat en dat hul interne gehaltebeheerspan toesien dat al die produkte veilig is.

Al die produkte word volgens hulle vir veiligheid getoets, en die maatskappy is verbind tot nuwe tegnologie en die verbetering van lewe.

Hy het gesê Suid-Afrika se owerhede is ingelig oor Mannatech se produkte wat hier versprei word. “Hoewel ons nog nie formeel aangekondig het wanneer ons ’n formele entiteit in die land sal stig nie, is mense baie opgewonde daaroor.

“Ons verstaan dat nie almal die rol wat glukonutriënte speel, verstaan nie. Dit kom op die volgende neer: Aan die een kant is iemand wat beweer die produkte werk nie, maar wat nie die produkte getoets het nie of enige studie toon om die opinie te bevestig nie. En aan die ander kant is daar honderdduisende verbruikers wat maandeliks weer die produk bestel – soos iemand wat dit 13 al jaar doen – omdat hulle oortuig is hul lewensgehalte het verbeter.”

Caster ontken dat rysstysel in Ambrotose nutteloos is en sê dit is waardevol.

Volgens hom is dit ’n welbekende feit dat die liggaam homself gesond maak en dat ’n verskeidenheid van voedingstowwe nodig is om die funksies te fasiliteer. Glukonutriente verteenwoordig ’n nuwe kategorie van voedingstowwe en bied groot hoop. Daar is ’n fyn lyn tussen die ondersteuning van gesondheid deur ingryping van die dieet en die bewering van behandeling. Mannatech is toegewyd daaraan om ons wetenskap op die behoorlikste manier aan te bied.

Hy sê die afgelope 14 jaar is verskeie in vitro-studies op diere, mensegevallestudies en mense- kliniese studies gedoen wat bewys Ambrotose verskaf wye steun aan die immuniteitstelsel.

Die maatskappy het ook gesê hy is verbind tot ’n nuwe Amerikaanse wet (wat nog nie van krag is nie) wat vervaardigers van voedingsaanvullers sal verplig om kontakbesonderhede op produkte te sit sodat verbruikers newe-effekte gedurende gebruik kan rapporteer.

Hy het ook gesê al finansier hulle die navorsing op hul eie produkte, verseker hulle altyd dat etiese standaarde nooit agterweë gelaat word nie. Die maatskappy maak ook altyd sy steun bekend. Dit meeste navorsing word geborg deur die maatskappye aan wie die produkte behoort, soos farmaseutiese maatskappye.

Caster het *Die Burger* ook daarop gewys dat die tydskrif *Forbes* die maatskappy as een van die voorste tien kleinsakeondernemings in die VSA aangewys het.

Wie is hulle en wat kos dit?

MANNATECH kan beskryf word as die Amerikaanse moedermaatskappy, verskaffer en vervaardiger van al die Ambrotose-produkte.

Die maatskappy en sy stigter en president, mnr. Sam Caster, was al dikwels in die moeilikheid.

Verlede September het drie Nobelpryswenners klagtes by die prokureur-generaal van New York ingedien omdat hul navorsing op verskeie webtuistes valslik verbind word met die maatskappy wat Mannatech-produkte bemark.

Volgens die *Fort Worth Star Telegram* het prof. Günter Blobel, Nobelpryswenner vir medisyne in 1999, tot dié stap oorgegaan nadat sy briewe aan Mannatech op niks uitgeloop het nie. Die ander Nobelpryswenners is prof. Paul Greengard en sir Paul Nurse.

Op verskeie webtuistes is onder meer beweer dat Blobel se navorsing oor glukobiologie gehandel het. Die meeste van die betrokke mense het dieselfde taal gebruik waarin hulle beweer het daar is “wetenskaplike stawing” of “glukonutriënt-bevestiging” gevind, en hulle het dit toe aan Blobel se prys gekoppel.

Blobel se werk handel oor die kartering van die zipkode-sisteem vir die proteïenverspreiding in selle. Ook die ander twee werk glad nie in die sogenaamde glukonutriënt-veld nie, al word hul werk daarmee verbind.

Mannatech en dokters wat die produkte voorgeskryf het, was in 2004 in die hof nadat ’n baba wat aan Tay-Sachs-siekte gely het, van dié produkte en ander kruiekonkoksies ingegee is. Foto’s van die kind is toe sonder die ouers se toestemming deur Mannatech se verkoopsdirekteur in promosies gebruik.

Dit is ook ná die kind se dood in ’n artikel gebruik, en daar is geskryf “hy reageer op sy omgewing en toon fisieke en verbale kommunikasie”. Die promosiemateriaal (die kind is op die foto’s naak) is tot sewe jaar ná sy dood gebruik, met die implikasie dat dit met hom goed gaan, berig die National Council Against Health Fraud.

Dr. Stephen Barrett berig op die webtuiste www.quackwatch.org dat beleggers van Mannatech ’n klas-aksie teen Caster en twee ander hoofde gebring het omdat hulle na bewering oor die effektiwiteit van die produkte lieg en dit die pryse van die aandele laat klim het.

Die maatskappy kan ook nie die sogenaamde assosiate se wilde bewerings oor wat die produkte alles kan doen, beheer nie. Die maatskappy maak self buitengewone terapeutiese aansprake oor die produkte.

Ook individuele klagtes is al ingebring teen dokters wat die produkte aan pasiënte voorgeskryf het.

■■■

Die bediening:

“OM weeskinders en gesondheidsgestremde kinders regoor die wêreld met die liefde van God te help deur wêreld-veranderende voedingsprodukte wat ontwerp is om die kwaliteit van lewe en gesondheid te verbeter.”

Dít is die missieverklaring van die MannaRelief Ministeries, die kerkgroep en welsynsorganisasie (sonder winsbejag, volgens sy webtuiste) waarvan mnr. Sam en mev. Linda Caster die medestigters is.

MannaRelief vra basies geld van mense om glukonutriente aan arm kinders te gee.

MannaRelief het per e-pos aan *Die Burger* gesê: “Om te verstaan presies wat hulle doen, moet jy eerder Linda Caster se aangrypende boek lees.”

Op’n vraag oor die verhouding tussen MannaRelief en Mannatech was die antwoord:

“Although we provide the Mannatech glyconutrients to our Hope and Blessing kids (critically challenged and orphaned kids) all over the world, we are not associated with Mannatech in the MLM (multi-level-marketing) scheme of things.”

■■■

Wat kos Ambrotose en wie verkoop dit?

OM die produkte wêreldwyd te verkoop, word ’n mens ’n assosiaat (agent) en kry jy dit dan goedkoper as wanneer ander mense dit direk van die maatskappy koop.

Volgens ’n assosiaat met wie *Die Burger* gepraat het, kan hulle die produkte net tot 10% goedkoper as die assosiaatprys kry.

(Dié assosiaatprys is laer as wanneer ’n mens dit direk van Mannatech koop.)

Hulle verdien kommissie op die verkoop van produkte, maar dit is “baie min”.

Elke assosiaat het ’n rekeningnommer. As assosiaat X persoon Y aan die produkte bekend stel, Y ook van die produkte koop en X se rekeningnommer aanhaal, kry X (die assosiaat) kommissie daarop.

Die persoon het gesê dit kan moontlik wees om op lang termyn jou produkte te subsidieer.

In Suid-Afrika kan dit jou enigiets van R350 tot R6 000 per maand uit die sak jaag, na gelang van as hoe erg jou “toestand” deur die betrokke assosiaat gediagnoseer is.

Toestande word gediagnoseer deur ’n fisieke kondisiehandleiding wat aan ’n verkoper gegee word.

Mense het van twee eenhede per dag (teen sowat R6 elk) vir effense stres tot 36 per dag vir beroerte nodig.

Mnr. Louis van der Linde, wat oor ’n permit beskik om die produkte in te voer, was nie bereid om by navraag te sê hoeveel hy per maand of jaar invoer nie, omdat dit sensitiewe inligting van ’n private besigheid is. Hy het medianavrae na Mannatech verwys.

Hy was net bereid om oor die voordele van die produk te praat.